

Met
Cashbuild
se hulp kan jy
selfdoenprojekte
met groot sukses
aanpak

VERHOOG jou huis se waarde

JOU huis het aandag nodig, maar jy kan nie genoeg geld bymekaar skraap om 'n bouer of kontrakteur te betaal nie.

Dit is dan wanneer die verbruikerskoning Cashbuild tot jou redding kan kom. Al die raad en inligting wat jy nodig het om die waarde van jou blyplek te verhoog, is net 'n telefoonroep ver.

Hulle kan al tydens die beplanningsfase help dat jy nie duur foute maak nie. Cashbuild se mense stel voor dat jy eers 'n gedetailleerde projekplan opstel met al die materiaal en gereedskap wat jy nodig sal kry.

VEILIGHEID EERSTE

Het jy geweet die grootste selfdoen-ongelukke ter wêreld word met gereedskap en lere gemaak?

Hier is raad van Cashbuild oor hoe om die regte gereedskap te kies.

KIES DIE REGTE LEER

Wanneer mense van lere afval, is dit meestal omdat dit nie op die regte hoogte gestel is nie. Dit maak die leer onstabiel en veroorsaak dat mense hul balans verloor.

Cashbuild help jou om die regte gereedskap vir 'n spesifieke selfdoentaak te koop – en daardeur help hulle jou veiligheid verseker. Cashbuild verkoop aluminiumlere wat baie in die bouindustrie en in huishoudelike omstandighede gebruik word omdat hulle so duursaam en liggewig is. Dit is belangrik dat jy op die lengte van die leer en sy gewig let. Lere word verkoop volgens die vraag wat hulle kan dra, die intensiteit van die werk en die omgewing waar hulle gebruik word. 'n Leer van 90 kg is byvoorbeeld geskik vir huishoudelike gebruik,



terwyl een van 100 kg uitgeknipt is vir ligte kommersiële werk. Jy kan ook kies tussen A-raam-traplere wat van 1,2 m tot 2,1 m lank is, of skuiflere met verlengings van 4,2 m tot 6 m.

Jy kan ook 'n bouersbok koop sodat jou gereedskap byderhand is wanneer jy dit nodig het terwyl jy bou. Dit beteken jy hoef nie elke keer teen die leer af en op te klim nie.

GEREEDSKAP

Cashbuild verkoop alle hand-, bouers-, tuin-, en kraggereedskap. Die handgereedskap sluit skrapers in waarmee jy verf van ander oppervlakte kan verwyder; waterpasse sodat jy seker kan maak oppervlakte soos muur en vensterbanke reguit is. Hulle verkoop ook 'n verskeidenheid hand-, metaal en boogsae wat op hout, staal en pleisterborde gebruik kan word.

Besoek gerus jou naaste Cashbuild as jy 'n groot selfdoenprojek beplan. Hulle verkoop 'n uitgebreide reeks Bosch & Skil-kraggereedskap soos slagbore, hoekslippers, koordlose bore en

skawers.

Hulle verkoop ook 'n ywe reeks sweisgereedskap en al die nodige bykomstighede te kus en te keur. Kyk mooi na jou gereedskap, en maak hulle gereeld skoon sodat dit ook vir jou volgende selfdoenprojek gebruik kan word.

■ Gereedskap en toebehore is vir 'n spesifieke werk bedoel, so maak 'n draai by jou naaste Cashbuild vir veiligheidswenke. Bel die Cashbuild-hulplyn by 0860-100-582 vir nog inligting. □

BOORWENKE

- Maak seker jou boor is op die hamer-funksie gestel waneer jy in messelwerk boor.
- Boorwerk is gewoonlik morsig. Hou 'n klam lap onder die booryster (Maak seker jy raak nie aan die roterende booryster nie). Of vra iemand om die neus van 'n stofsuier onder die booryster te hou sodat die stof opgesuig kan word terwyl jy boor.
- Maak seker jy kies die regte booryster vir die oppervlak waaraan jy wil werk – hout, messelwerk of staal.
- Maak seker jy is op dieselfde hoogte as die plek waar jy wil boor, selfs al beteken dit jy moet op 'n leer staan. So maak jy seker jy boor reguit. Dis ook veiliger.
- Wanneer jy 'n gaatjie in die muur wil boor, maak seker dit is pas by die plastiek doppie wat jy wil insit. Hou die plastiek doppie wat in die gaatjie gesit gaan word teen die booryster en merk dit met maskeerband net bo die doppie. Die maskeerband dien as gids sodat jy nie te diep in die muur boor nie, want dit kan barsen in die muur veroorsaak. Dit help ook om te verseker dat die doppie en die skroef stewig in die muur vassit. Jy kan ook die dieptestopper gebruik wat op Bosch & Skil-bore is.

VAN LINKS NA REGS BOSCH
HOEKSLYPER 670W PWS 6
– R349,95; ALUMINIUM SKUIF-
LEER 5 IN 1 (2,1M TOT 4,2M)
– R1810,95 EN SKIL KRAGBOOR
500W 6002AA – R199,95.
PRYSE IS SLEGS BESKIKBAAR
IN RSA.

Cashbuild
GEWALTE BOUWATERIAAL TEEN DIE LAAGSTE PRYSE
182 Winkels en meer as 2000 die grootste verskeidenheid Suid-Afrika

